Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, July 26, 2019
Page: 26





# Stel nóú jou testament op

**Boedel- en finansiële beplanners hoor gereeld dat afgestorwenes nog 'n testament wou opstel of verander, maar nooit daarby uitgekom het nie. Van uitstel kom afstel, en dit laat alle belanghebbendes in 'n penarie as die testament nie reg en op datum is nie.**

Met my stiefpa se afsterwe het ek opnuut gesien hoe maklik dinge in 'n boedel verkeerd kan gaan, veral indien vorige gades en kinders uit verskillende huwelike ook betrokke is. Ek het dus weer gaan kyk na die algemeenste foute wat met boedels gemaak word.

### Sterf sonder 'n testament

Net 20% van boedels in Suid-Afrika het testamente. Baie mense dink dalk 'n testament is nie nodig nie omdat hul boedel eenvoudig is, of omdat by die dood van die eerssterwende alles in elk geval na die gade gaan. Dit werk egter nie so nie. Die reëls van 'n intestate boedel is baie ingewikkelder. Hoewel alles nie sommer na die staat toe gaan nie, kan dit jare duur om so 'n boedel af te handel.

### Verouderde testamente

Die persoon met wie 'n mens oorspronklik getrou het, is nie noodwendig die persoon met wie 'n mens by afsterwe getroud is nie. Ek het onlangs weer 'n testament gekry waarin die gade van 15 jaar gelede steeds alles geërf het. Al stap wat gedoen kon word, was om 'n onderhoudseis teen die boedel in te stel.

Enige verandering in die gesinsamestelling, soos die geboorte of troue van 'n kind en die geboorte van 'n kleinkind, vereis 'n hersiening van die testament. Dit is veral nodig as dit nie in dié volgorde plaasvind nie.

### Verkeerde bewoording

Daar is baie tegniese bepalings in testamente en die verandering van bloot een woord kan 'n heeltemal ander uitkoms tot gevolg hê. Die appèlhof het onlangs gesê dit verbaas hom hoe een van die belangrikste dokumente wat 'n mens ooit gaan opstel, dikwels oorgelaat word aan onbevoegde opstellers. Maak seker die beplanner is voldoende gekwalifiseer en het die nodige ondervinding. Fisa is die professionele instelling vir boedelbeplanners – maak seker die beplanner is 'n lid daarvan.

### Bates wat nie persoonlike eiendom is nie

Bates wat aan 'n maatskappy of trust behoort, kan nie deur individue bemaak word nie. Slegs die aandeelhouding in 'n maatskappy kan bemaak word. Indien voertuie of beleggings wat aan die trust of maatskappy behoort, bemaak word, skep dit moeilikheid. Die eksekuteur moet dan besluit watter ander bate uit die boedel verkoop moet word ten einde daardie bate uit die trust of maatskappy te koop.

'n Soortgelyke kwessie ontstaan wanneer bates bemaak word wat nie meer besit word nie. Wanneer 'n stuk grond wat bemaak is, reeds verkoop is en ander grond intussen aangekoop is wat nié bemaak is nie, moet die eksekuteur besluit of die oorledene bedoel het om die bemaking te kanselleer, bedoel het dat daardie stuk grond weer aangekoop moet word in die boedel, of dat die nuwe grond in die plek van die verkoopte grond bemaak moet word. Wat ook al besluit word, iemand gaan baie ontevrede wees.

### PRAAT DAAROOR

Maak seker almal weet waar die testament en al die registrasievorms en ander belangrike dokumente is. Sommige van my stiefpa se dokumente was by sy kantoor, ander by die rekenmeesters, ander in die kluis en ander in bokse in die motorhuis. Dit het ons twee maande gekos om alles bymekaar te maak. Maak ook seker dat niks in die boedel 'n verrassing is vir enigiemand nie, want dit kan tot erge familietwiste lei. Mense glo dalk hul kinders sal nooit baklei nie, maar vergeet van hul gades wat in hul ore fluister. Hulle moet ook almal hul eie boedelbeplanning doen.

### UITSTEL EN AFSTEL

Ons word dikwels deur kinders of gades van afgestorwenes ingelig dat die oorledene eintlik sekere bates na hierdie of daardie een wou laat gaan, of hierdie skenking nog aan daardie kleinkind wou bemaak. Dan is dit egter te laat. Staan nóú op, skryf alles neer wat in jou testament moet verander en bel jou beplanner. Môre kan dit te laat wees. **LBW**

*Adv. Ronald King is hoof van strategiese navorsing by PSG.*

NAVRAE: E-pos: **Ronald.King@psg.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.